PERSVERKLARING

Suidwes bevorder swart bemagtigingstatus met innoverende personeeltrust

Op Dinsdag, 4 Mei 2010, het mnr Schalk Pienaar, die Besturende Direkteur van Suidwes Beleggings,op Leeudoringstad 'n tjek ter waarde van R769 436.72 aan die trustees van die Suidwes Groep se nuutgestigte personeeltrusts oorhandig. Die trusts is deur Suidwes Beleggings Beperk opgerig as deel van Suidwes se swart bemagtigingsplan.

Op die foto is die meeste van die mense wat betrokke was by die verwesenliking van hierdie innoverende idee. Agter: Süliman Haffejee, Pini Joale, David Theron (Groepsekretaris), Schalk Pienaar (Besturende Direkteur), Piet Louw, Yolande Lemmer en Annie Modiakgotla. Voor: Joyce Lesane, Fareed Morris en Rebecca Legabe.

Suidwes se Raad van Direkteure het oor die afgelope aantal jare verskeie opsies oorweeg met betrekking tot die vestiging van SEB-eienaarskap, dit wil sê aandeelhouding, in die Suidwes Groep. Hulle het uiteindelik besluit om Suidwes se swart personeel te bemagtig, eerder as om 'n enkele SEB-belegger te bevoordeel. Daardeur is nie net die Raad van Direkteure se oogmerk, naamlik om seker te maak dat

bemagtiging werklik op ‘n breë basis geskied, bereik nie, maar strek dit ook direk tot voordeel van Suidwes se personeel.

Die bemagtigingstransaksie word bewerkstellig deur middel van ‘n personeeltrust wat die meerderheid aandele hou in ‘n bemagtigingsmaatskappy, Kimama Investments. Die ander aandelein die maatskappy word deur ‘n trust vir blanke personeel gehou. Die aandele wat die bemagtigingsmaatskappy in Suidwes Beherend Beperk verkry het, kom dus oorwegend Suidwes se swart permanente werknemers toe. Die koopprys van die bemagtigingsaandele in Suidwes Beherend is met ‘n lening deur Suidwes Beleggings Beperk gefinansier.

Die Bemagtigingsmaatskappy het reeds gedeel in die dividend wat aan die einde van April 2010 deur Suidwes Beherend betaal is. Die oorhandiging van die tjek ter waarde van R769 436.72, wat die eerste dividend is waarin Suidwes se personeel deel, is dus voorwaar ‘n geskiedkundige en spesiale gebeurtenis. Deur sy werknemers is en bly Suidwes sy klante se eerste keuse.